Baie welkom by Wapadrant!
'n Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika

Wees lief vir mekaar
14 Oktober 2018

Eredienste vandag

08:30 & 10:30	**Jaco Kruger**
Teks:	Genesis 16:1-13; Genesis 21:1-21
Tema:	Engele in die wildernis
18:30	**Peet Vermeulen**
Teks:	Nehemia 6
Tema:	Met God se krag kan jy aanslae trotseer

- Die **DOOP** word op 4 November by die oggendste erediens bedien.
- **NAGMAAL** word op 21 Oktober bedien by al die eredienste.
- Preekrooster:

Datum	08:30 en 10:30	18:30
21 Okt	Sloet	Jaco
Datum	**09:00**	**18:00**
28 Okt	Paul	TD Masau

Algemeen

- **Moederskamer:** Slegs ma's met babas tot een jaar oud.
- **Konsistorie:** Babas (1 & 2 jaar) en ouers.
- **Bybels:** In die kerkbanke vir die gebruik deur lidmate en besoekers of gee gerus vir iemand wat dit nodig het.
- **"Neem-en-Deel":** Bybelboekrak in die saal. Volledige besonderhede by die rak oor hoe die projek werk.

Lief en Leed

ONS VRA VOORBIDDING VIR:

- Hettie Swanepoel wat Woensdag haar man, Johan, aan die dood afgestaan het.
- Hannes Oosthuizen wat Donderdag 3 stents in hoofslagaar ontvang.
- Lara Eagar, babadogtertjie van Schalk en Nicolene Eagar, wat by Kloof Hospitaal opgeneem was met bronchitis.
- Kattie Wybenga wat opgeneem is vir toetse.

ONS IS BLY SAAM MET:

- Morné du Toit en Cecile Bisschoff wat Saterdag in die huwelik bevestig word.
- Heindrich en Elizma Groothof met die geboorte van hul babadogtertjie.

Die volgende persone word **ter approbasie as ouderlinge**aan die gemeente voorgehou. Indien geen beswaar aangeteken word nie, en hulle die roeping opvolg, sal hulle op 25 Nov. bevestig word**:**
Pieter van der Walt, Mark Daniël, Henricus Verhoef, Maurits Pretorius.

Kleuterkerk, Laerskool- & Hoërskoolkleingroepe

- **Kleuterkerk 3-6 jariges: 08:30** in die Kleuterlokaal (sitkamer van die Jeugkantoor).
- **Laerskool Kleingroepe (Gr 1 - 6): 09:30** in hul onderskeie lokale.
- **Hoërskool Kleingroepe (Gr 7 - 12): 18:30** in hul onderskeie lokale.

Diensgroep- en Gemeente aktiwiteite

http://www.wapadrant.co.za/diensgroep-en-gemeente-aktiwiteite.html

- **Senior Bybelstudie:** Dinsdag 09:00. Rassie gesels oor Nehemia 12:27 en verder.
- **Vroue Bybelstudie:** Dinsdag 09:00.
- **Manne Bybelstudie:** Woensdag 5:30 in Toringkamer 2.
- Ondersteun die **Borg-'n-Bybelprojek**. Neem asb. 'n leë houertjie in die saal.

Kaartjies vir Rockwood Theatre (Sunrise Fondsinsameling) is tussen die eredienste in die saal beskikbaar.

Koekverkoping 21 Oktober tussen die oggend eredienste in die amfi om getraumatiseerde en gestremde volwassenes te ondersteun. Kontakpersoon Annemarie Schoeman 0826013526.

Kleingroep G015 gee elke Desember **kospakkies** aan 100 gesinne in **Danville**. Skenkings vir een gesin (2kg rys, 2 blikkies groente, 2.5kg koekmeel, 2.5kg suiker & 750 ml kookolie) sal hoog op prys gestel word. Gemerkte pakkies kan in die kerksaal gelaat word. Kontak Helene Tollig by 0839477835.

Klassis Hervormingsdiens 28 Oktober
17:45 vir 18:00 tot 19:30
Wapadrant Kerkgebou
Olv prof. TD Mashau.

Bid en kuier saam met **TOPIA** by GK Meyerspark Vrydag 19 Okt 19:00. Bring asb. 'n bordjie eetgoed. Kontak Lizanne Aucamp by 084 555 1890

Op 21 Oktober word een derde van die liefdegawes afgestaan aan die Neem-en-Deel Bybelprojek.

Bestelling GKSA Almanak 2019
Skryf jou naam, van en kontaknommer op 'n koevert, sit **R84** in koevert en plaas in liefdegawesakkie.
Bestellings sluit 28 Oktober 2018.

WAPADRANT GEMEENTE
'N FEESSONDAG GEVUL MET:

GESAMENTLIKE EREDIENS 9:00

Vanaf 10:00 tot laat
Feestelike kosstalletjies
Pret vir die kinders
Musiek en Saamwees!

SONDAG 2 DESEMBER 2018
Die bediening van die doop verskuif na 9 Des

Liefdegawes 2018 (Kollekte tydens eredienste)

- **Twee derdes vir verdienstelike Sake Binne Gemeente:** Wapadrant Diakonie (vir o.a. behoeftige lidmate wat ondersteuning ontvang).
- **Een derde vir verdienstelike Sake Buite Gemeente:** Admin Buro en andere.